## VERJAARDAE GEDURENDE DIE WEEK

Baie geluk aan die lidmate wat D.V gedurende die volgende week hulle verjaardag sal vier! Saam met u dank ons die Here vir sy groot genade en bid ons dat Hy u ook in die nuwe lewensjaar ryklik sal seën tot die eer van sy Naam!

| Dag | Datum | Naam en van |
|---|---|---|
| **So** | 13/02 | **Karen Aartsma,** Wyk 2 |
| | | **Coenraad Karsten**. Wyk 4 |
| | | **Suhanli van Dyk,** Louwstraat 70. Wyk 2 |
| **Do** | 15/02 | **Anré Venter**. Wyk 2 |
| **Vr** | 16/02 | **Marie Kits (85)**. Wyk 12 |
| | | **Hennie Viljoen**. Wyk 5 |
| | | **Klaas Wyma,** Wyk 1 |
| **Sa** | 17/02 | **Tillie Eloff,** Wyk 8 |

**Bede met meelewing: Psalm 134: 4**

## UITNODIGING

U word hiermee hartlik uitgenooi na die Nagmaalete Sondag 18 Februarie om 12:00.
Dit is koue vleis en ’n koue slaai wat lidmate kan saambring om met die res van die gemeente te deel.
Geen koste per persoon, maar donasies is welkom.
Besprekings by Pieter Bouwsema 082 923 1384 of Malie Wyma 018 294 4600 teen Donderdag 15 Februarie.

### DANKOFFER-BYDRAE EN KOLLEKTES SE INBETALINGS

Lidmate word daaraan herinner om u **maandelikse dankoffer-bydrae** in te betaal in die **Kerkraad se rekening**. Dui asseblief u naam, van, en wyknommer duidelik aan.

**Bydraes vir die diakonie** asook die ander **spesiale kollektes** kan inbetaal word in die **Diakonie se rekening**. **Gee asb ’n duidelike verwysing by u bydraes sodat dit korrek toegewys kan word.**

**Besonderhede van die rekeninge** word hier onder gegee.

Kerkraad: **Gereformeerde Kerk Potchefstroom.**
Diakonie: **Diakonie GK Potchefstroom**.
Susters: **Susters van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom**
Bank: Potchefstroom.



# Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 40, nr 5 Sondag **11 Februarie 2024**
***Redakteur: Rudy van der Spoel*** **082 864 4422**
**rudynell@telkomsa.net**

**Eredienste**: 09:30 en 18:00 **Prediker:** Ds Jannes van Dyk **072 224 7181**
**Kantoor 018 294 4600 Faks: 086 610 9283** **Hulpprediker:** Prof Callie Coetzee **082 337 7951**
**Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516** **Koster** Pieter Bouwsema **082 923 1384**
**E-posadres:** kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

**Diensbeurte by eredienste.**
**Ouderlinge:** Wyk 1 **Chris van Ryssen** en Wyk 2 **Klaas Wyma.**
**Diakens:** Wyk 1 **Wyk vakant** en Wyk 2 **Frans Drijfhout.**
**TEEBEURT: Wyksusters: 9 Leana Mostert en 10 Mabel Glöy**

## EREDIENSTE Albei dienste word gelei ds Jannes van Dyk

***Goeiedag broers en susters, kinders en besoekers***

**Oggenddiens om 9:30. Eredienste ook per whatsapp**

**OGGEND: Woordbediening:** Psalm 89.
**Fokusverse:** Psalm 89:48-50.
**TEMA:** ***In die aangesig van die dood het ons die troos van God se goedertierenheid en trou wat ons hartseer verlig.***
**Sing:** Psalm 108: 1; Psalm 81: 1, 2; Psalm 32:4; Psalm 85: 1, 2; Psalm 89: 17; Psalm 16: 1, 5; Psalm 89: 1, 2, 18.
**Bede met meelewing:** Psalm 134: 4.

**AAND: Woordbediening:** Eksodus 20: 1 - 17.
**Belydenis:** Heidelbergse Kategismus, Sondag 34 V&A 92 & 93.
**TEMA:** ***Die HERE roep ons op om as ’n dankbaarheids-antwoord op sy genade sy verbondseise te gehoorsaam.***
**Sing:** Psalm 125: 1, 3; Psalm 119: 60, 62; Psalm 1: 1; Psalm 19:4, 5; Psalm 40: 3, 4, 5.

**Kollektes vanoggend:** ***Diens van Barmhartigheid*** in die blou sakkies en in die rooi sakkies vir die ***Dankbaarheidsfonds***
**Vanaand:** ***Diens van Barmhartigheid*** *(blou)*en ***Kerkkas*** *(rooi)*
(Volgende week se Spesiale kollekte is vir ***Bybelverspreiding***)

# LIEF EN LEED OOG VIR MEKAAR

**Frieda van der Walt** het Woensdag ’n reeks toetse en ondersoeke ondergaan. Ons verseker haar van ons voorbidding. Mag u daagliks met lewenskrag en goeie gesondheid verkwik word.

**Hermien van der Spoel** het Maandag ’n verdere prosedure in die Anncron Hospitaal ondergaan. Toe *Op die Kerkwerf* voorberei is, was Hermien nog in die kritieke sorgeenheid. Ons verseker haar en haar geliefdes van ons voorbidding vir haar. Mag ons hemelse Vader se genade vir hulle elkeen, en Hermien in besonder, genoeg wees.

**Annatjie Coetzee** is die afgelope week in Mooimed Hospitaal opgeneem. Dit is ons bede dat daar vir Annatjie deur die behandeling wat sy ontvang, lewenskwaliteit mag wees.

Ons is dankbaar dat die oogprosedure wat **prof. Callie Coetzee** die afgelope week in Mooimed Hospitaal ondergaan het, geslaagd was. Saam met hom en Susan dank ons die Here vir sy genade en ons bid prof. Callie ’n volkome herstel toe. Hy sal tot en met 7 Maart met siekverlof wees. Vroeg in Maart sal prof. Callie ook ’n nuwe pasaangeër ontvang.

**Magda Pelser-Van der Merwe** het die afgelope week die uitslae van die toetse wat die oor-, neus-, en keelspesialis laat doen het, ontvang. Sy moes die afgelope week ysterinfusie ontvang en die oorspronlike medikasie moes gewysig word ná erge newe-effekte. Dit is ons bede dat Magda deur die behandeling genesing en spoedige beterskap mag ontvang.

**Susan Nortjé** het onlangs geval, haar stuitjie gebreek en ook twee werwels het geskuif. Sy moet ook op 19 Februarie 'n afspraak met die internis nakom sodat dié kan bepaal of sy 'n nodige galblaas-operasie kan ondergaan. Dit is ons bede dat ons hemelse Vader dit in sy almag sal beskik dat Susan die prosedure mag ondergaan en dat daar onder sy seën vir haar lewenskwaliteit mag wees.

**Corrie Fourie** het die afgelope week 'n uitsnyding aan sy voet laat doen. Ons vertrou dat die terugvoer wat hy sal ontvang, gunstig mag wees.

**Faans Steyn** moet Donderdag 'n afspraak met die onkoloog nakom. Ons verseker hom en Ina van ons voorbidding vir hulle. Mag u die troue liefde van ons hemelse Vader in hierdie tyd ervaar.

**Willem Serfontein** is hierdie naweek aan die Rand waar hy 'n opvolg-afspraak moet nakom nadat hy onlangs 'n rugoperasie ondergaan het. Ons verseker hom en Ria van ons voorbidding vir hulle.

**Johanna van der Merwe** wag vir goedkeuring van die mediese fonds vir ’n prosedure aan haar hand wat moontlik Maandag in MediKliniek sal plaasvind.



## FOTOSESSIE

Alle lidmate word hartelik genooi om DV Sondag 18 Februarie na die nagmaal-erediens hulle foto’s geneem te kry vir die fotobord in die saal. Die foto’s sal geneem word voor die kerkgebou, elke huisgesin word saam afgeneem. *- Geert Stoop*

## KERKLIKE ADMINISTRASIE

**BEROEPE ONTVANG**

• Dr C (Chris) Botha van GK Die Kandelaar na GK Gobabis (Namibië)

• Proponent (Dr.) W (Wilbert) Chipenyu na GK Oos Londen met opdrag: Uitbou van Dumisani Theological Institute in King Williams Town

• Proponent CJ (Christiaan) Swanepoel na GK Middelburg (Mphumalanga)

**BEROEPE AANVAAR**

• Ds EJ (Ernest) Vogt van GK Vaalwater na GK Hartebeespoort as medeleraar

**BEROEPE BEDANK**

• Ds EJ (Ernest) Vogt van GK Vaalwater na GK Vryheid

## YSKAS GESOEK

Een van ons lidmate se yskas het gebreek en hulle soek dringend na ’n werkende yskas. As u miskien ’n gebruikte ys-kas in u garage het kan u Nicolene skakel by 072 102 9295.

# HAMBURGERBRAAI

**Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai**

**VRYDAGAAND**
**23 FEBRUARIE 2024**

Ons kuier gesellig saam vanaf **16:30** by die saal.
Vir ’n bestelling bel Pieter by die kerkkantoor
☎ 018 294 4600 of ☎ 082 923 1384

**R 30 per hamburger. Pannekoek R 5 Worsbroodjies R 30**

## DANKBAARHEID

Ons deel in die groot vreugde van **Maarten en Petro van der Walt** vir wie daar ’n eerste agterkleinseun die afgelope week in Nederland gebore is. Saam met u is ons bly, en dank ons die HERE dat Hy self ’n nageslag gee wat Hom dien en vrees. Mag **Wilco,** self oor ’n groot afstand heen, vir u ’n bron van vreugde wees!

## MEEGEVOEL

Ons betuig ons innige meegevoel met **Abraham en Annatjie Kruger** wie se dogter, **Hannatjie,** vroeg Donderdag-oggend oorlede is. Mag ons hemelse Vader u ryklik vertroos en deur sy genade versterk in hierdie bitter hartseer tyd. Toe *Op die Kerkwerf* voorberei is, was begrafnisreëlings nog nie bekend nie.

’n Klompie weke gelede het ons berig van ’n kleinkind van **Lalie Venter** se suster wat geval en ernstige breinbeserings opgedoen het. Dié is intussen oorlede. Ons bid **Lalie, Jan-Carel en Anél** die ryke vertroosting van ons Here toe.

## VAN ONS KERKRAAD

### DAGBOEK

| Dag | Datum | Tyd | Aktiwiteit | Vergaderplek |
|---|---|---|---|---|
| Huisbesoeke hierdie week volgens afspraak: Wyk 1 en 2. | | | | |
| So | 11/02 | 19:00 | Vergadering van ouderlinge met diakens | Kerkgebou |
| | | | Vergadering van ouderlinge | Kerkgebou |
| Di | 13/02 | 15:00 | Telkommissie | Kerkkantoor |
| So | 18/02 | | Nagmaal en gemeente-ete | |

### KATKISASIE

| | Sondag 11 Februarie | Sondag 25 Februarie |
|---|---|---|
| **Lesrooster:**<br>**Psalmvers:**<br>**Heidelbergse Kategismus:**<br>**Memoriseerwerk (Gr. 1-2)** | Les 2<br>Psalm 34: 4b<br>Sondag 30<br>Apostolicum, artikel 2 | Les 3<br>Psalm 34: 4<br>Sondag 31<br>Apostolicum, artikel 3 |
| **Katkisasie toesig (ouderlinge):** | Graad 5 & 6: Wyk 1<br>Graad 7: Wyk 2 | Graad 1 & 2: Wyk 3<br>Graad 3 & 4: Wyk 4 |

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| Dinsdag | 20/02 | 15:00 | Hoërskoolkatkisasie | Les 1 en 2 (vervolg) |



## SIEKVERLOF: PROF. CALLIE COETZEE

**Prof. Callie Coetzee** sal tot en met 7 Maart met siekverlof wees. Ons verseker hom van ons voorbidding in die tyd van sy siekverlof. Indien daar noodgevalle in die wyke is wat onder prof. Callie se sorg val, moet u asseblief dit onverwyld onder ds. Jannes se aandag bring.

## ATTESTATE / BEWYS VAN LIDMAATSKAP

**ATTESTATE ONTVANG: Liezel van Schalkwyk** vanaf Koedoesrand. **Geplaas in wyk 4** met ouderling Gideon Wentink, diaken Coetzer Stoop en wyksuster Elsa Reinecke.

**Lidmaatskap beëindig**
**Annatjie Vorster** na die Ned Herv Kerk Grimbeeckpark

## VAN ONS SUSTERS

### SUSTERSAAMTREK 9 MAART 2024

Die tema is: ***Groei deur die seisoene***

Daar is ’n lys in die saal waarop die Susters wat die Saamtrek wil bywoon hul naam kan invul. Die daggeld is R 180
Die Susters van ons gemeente is druk besig met die beplanning van die Saamtrek op 9 Maart 2024.
Baie dankie aan almal wat saamwerk om hierdie geleentheid mooi en goed te laat verloop.
*Ons herhaal die versoek van skenkings van pepperminte en ook balpuntpenne*

## DIAKONIE SE KOSKAS

**Vir die diakonie se koskas; koop ’n ekstra item en bring dit kerksaal toe, voor of na die diens:**

Koffie, tee, lang-lewe melk, suiker, blikkies vleis, vis, mielies of bone, grondboonbotter, pasta, rys, beskuit, vars vrugte en groente met ’n lang rakleeftyd (appels, nartjies, lemoene, pere, wortels, uie, beet, kool). Waspoeier, skottelgoedseep, seep, tandepasta, toiletpapier.
Kleiner pakkies vir gesinne van 2-4 sal waardeer word.

**Die Diakonie se koskas is nog baie leeg!!**